

DIE GEKOESTERDE AARDSE HOOP

DEEL 3

DIE WERKLIKE HOOP VIR LEWE OP DIE AARDE

© 2017 deur AnointedJW.Org

Skripture in hierdie artikel, behalwe soos anders aangedui, is aangehaal uit die Nuwe Wêreld Vertaling van die Heilige Skrif soos vertaal uit die hersiene Engelse uitgawe van 1984 van die New World Translation of the Holy Scriptures © 2001 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

15 Mei 2012

Die Vader het werklik bedoel vir die mens om op die aarde te lewe:

Wees vrugbaar en word baie en vul die aarde en onderwerp dit, en die visse van die see en die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde kruip. – **Genesis 1:28**

Want só het Jehovah gesê, die Skepper van die hemele, Hy, die ware God, die Formeerder van die aarde en die Maker daarvan, Hy, wat dit stewig gevestig het wat dit nie verniet geskep het nie, wat dit gevorm het om bewoon te word: “Ek is Jehovah, en daar is geen ander nie. – **Jesaja 45:18**

Die psalmdigter het die Vader se ewige voorneme vir die aarde só uitgedruk:

Die regverdiges sal die aarde besit, en hulle sal vir ewig daarop woon. – **Psalms 37:29**

En soos die profeet Jesaja opgemerk het, is die Vader se bedoeling vir die mensdom dat hulle hul tyd op die aarde in vrede en oorvloed sal deurbring:

En hy sal beslis oordeel tussen die nasies en sake regstel met betrekking tot baie volke. En hulle sal van hulle swaarde ploegskare moet smee en van hulle spiese snoeimesse. Nasie sal nie teen nasie die swaard ophef nie en ook sal hulle nie meer leer om oorlog te voer nie.” – **Jesaja 2:4**

“En hulle sal beslis huise bou en dit bewoon; en hulle sal beslis wingerde plant en die vrug daarvan eet. Hulle sal nie bou sodat iemand anders dit bewoon nie; hulle sal nie plant sodat iemand anders dit eet nie. Want die dae van my volk sal wees soos die dae van ‘n boom; en die werk van hulle eie hande sal my uitverkorenes ten volle benut. Hulle sal nie verniet swoeg nie, en ook sal hulle nie vir ontsteltenis geboorte gee nie; want hulle is die nageslag wat uit die geseëdes van Jehovah bestaan en

hulle nakomelinge saam met hulle. En voordat hulle roep, sal ek antwoord; terwyl hulle nog praat, sal ek hoor. Die wolf en die lam sal saam wei en die leeu sal strooi eet net soos die bul; en wat die slang betref, stof sal sy voedsel wees. Hulle sal geen kwaad doen of enige verderf aanrig op my hele heilige berg nie, het Jehovah gesê.” – **Jesaja 65:21-25**

Selfs Jesus het benadruk dat die Vader se voorneme is dat saggeaardes op die aarde sal woon:

Gelukkig is dié wat bewys is van hulle geestelike behoefte, want die koninkryk van die hemele behoort aan hulle. Gelukkig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Gelukkig is die saggeaardes, want hulle sal die aarde beërf. Gelukkig is dié wat honger en dors na regverdigheid, want hulle sal versadig word. Gelukkig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. – **Matteus 5:3-7**

Maar hy het ook vir ons vertel dat die Vader baie meer as net lewe op die aarde vir sy kinders beplan het:

Gelukkig is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien. Gelukkig is die vredeliewendes, want hulle sal kinders van God genoem word. Gelukkig is dié wat ter wille van regverdigheid vervolg is, want die koninkryk van die hemele behoort aan hulle. Gelukkig is julle wanneer mense julle smaad en julle vervolg en valslik allerhande goddelose dinge teen julle sê ter wille van my. – **Matteus 5:3-11**

Die mensdom het tot die besef gekom dat daar maar slegs één God en Vader van alle persone is. Die volk van Israel was die wêreldwye leier in die openbaarmaking van die internasionale liefde van God. Wat volgende nodig was, is “n openbaring van ons ware verwantskap met die Vader:

Want die skepping wag met gretige verwagting op die openbaring van die seuns van God. Want die skepping is aan nietigheid onderwerp, nie uit eie wil nie, maar deur hom wat dit onderwerp het, op grond van hoop dat die skepping self ook van die slawerny aan die verderflikheid vrygemaak sal word en die glorieryke vryheid van die kinders van God sal hê. – **Romeine 8:19-21**

Jesus het met die onthulling begin. Verder het hy vir ons geleer om na God, as “n Vader te verwys.

Julle moet dan só bid: “Ons Vader in die hemele, laat u naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde. Gee ons vandag ons brood vir hierdie dag; en vergewe ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe het. En bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe: maar as julle

die mense hulle oortredings nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredings ook nie vergewe nie. – **Matteus 6:9-15**

Die apostels het net so beklemtoon dat Christene moet soek na die opwaartse hemelse roeping en vertel selfs vir ons as ons nie daardie geestesgesindheid het nie, ons tot God daarvoor moet bid en God sal ons die waarheid aangaande ons opwaartse doel toon:

Nie dat ek dit reeds ontvang het of reeds tot volmaaktheid gebring is nie, maar ek streef daarna om te sien of ek ook dit kan verkry waarvoor ek ook deur Christus Jesus verkry is. Broers, ek meen nog nie dat ek dit verkry het nie; maar een ding staan vas: Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na die dinge wat voor is, en ek streef na die doel vir die prys van God se roeping na bo deur middel van Christus Jesus. Laat ons almal wat volwasse is, dan hierdie geestesgesindheid hê; en as julle in enige opsig "n ander geestesneiging het, sal God die bogenoemde gesindheid aan julle openbaar. – **Psalm 37:29**

Vir "n volledige bespreking van ons seunskap en hemelgerigte hoop, sien ons artikels: *Openbaring van God as 'n Liefdevolle Vader, Wie is Gelei deur die Gees, Beweeg Vorentoe in die Geloof, Hou Vas aan die Heilige Geheim* en die reeks artikels onder *Handhawing van die Eenheid van die Geloof*.

Dit is baie duidelik en ondubbelsinnig dat Jesus ons geleer het om hom in die hemele in te volg (**Johannes 14:6**) Nêrens moedig Jesus, of enige van die apostels, enige Christen aan om "n aardse hoop na te jaag nie – nie eens die apostel Johannes in die boek van Openbaring nie. As dit die waarheid is dat slegs 144,000 uit 108-biljoen hemel toe gaan, sou Jesus ons seer sekerlik so gesê het:

Moenie dat julle hart verontrus word nie. Beoefen geloof in God, beoefen geloof ook in my. In die huis van my Vader is daar baie wonings. Anders sou ek vir julle gesê het, want ek gaan om vir julle "n plek te berei. En as ek gaan en vir julle "n plek berei, kom ek weer en sal julle tuis ontvang by my sodat julle ook kan wees waar ek is. En waarheen ek gaan, ken julle die weg. – **Johannes 14:1-4**

Ja, Jesus sou vir ons gesê het! Wat is God se voorneme dan met die aarde? Dit is baie duidelik dat hy die aarde met regverdige mense wil laat floreer. Hy wil hê dat die mensdom se lewenservaring op die aarde produktief en genotvol sal wees. Maar die tyd sal aanbreek dat die mens sy tyd op die aarde voltooi en die opklimming na die Vader in die hemel begin.

Die voorsiening vir die mens om op die aarde gebore te word en te lewe sal vir ewig voortduur. Dit is die manier om potensiële menslike seuns van God te skep. Terwyl gees-persoonlikhede direk in die hemele geskep word en ontstaan, is dit slegs op die aarde dat nuwe menslike seuns van God voortplant en gebore word.

... want in die opstanding trou manne nie en word vroue ook nie in die huwelik gegee nie, maar is hulle soos engele in die hemel. – **Matteus 22:30**

Ons kan as ons ware geboorte, ons aardse bestaan vergelyk met die embrioniese fase en die vrylating van ons liggame,. Of ons kan onself met ruspes vergelyk wat deur die kokon-fase en gepaardgaande stryd moet gaan voordat ons as skoenlappers gebore word. Die voorbeeld van Jesus toon ons die weg hoe om suksesvol te „kokoneer“ sodat ons in staat sal wees om te vlieg! Soos “n prokureur wat aan die regs fakulteit studeer, moet hy sy studies aan die fakulteit voltooi voordat hy kan praktiseer!

Sedert die versuim van Adam en Eva, is die mensdom verward omtrent God se voornemens. As gevolg daarvan is sy begrip omtrent die geestelike dinge maar baie krom en skeef. Soos die apostel Paulus gesê het, ons begrip is in “n “sluier” gehul. (2 Korintiërs 3:15) Hierdie oënskynlike verbreekte verbinding met die Vader, het tot gevolg gehad dat ons menige sondes en foute begaan het. Ons kon nie ons ware verwantskap met God eien nie en dit alles as gevolg van ons persoonlike skuldige gewetes. Ons het deur middel van bloedoffers probeer om die breek te heel, maar is nie suksesvol gewees nie:

Want aangesien die Wet “n skaduwee het van die toekomstige goeie dinge, maar nie die wese van die dinge nie, kan mense nooit met dieselfde offerandes wat hulle van jaar tot jaar voortdurend bring, dié wat nader kom, tot volmaaktheid bring nie. Sou hulle andersins nie opgehou het om offerandes te bring omdat dié wat heilige diens verrig en eens en vir altyd gereinig is, geen bewustheid van sondes meer sou hê nie? Intendeel, deur hierdie offerandes is daar van jaar tot jaar “n herinnering aan sondes, want dit is nie vir die bloed van bulle en van bokke moontlik om sondes weg te neem nie. – **Hebreërs 10:1-4**

Maar deur middel van Christus Jesus, het ons wat sy leringe aanvaar, nie langer meer “n bewustheid van sonde nie en as “n gevolg hiervan is ons in staat om die beloftes van God te sien met “n duidelike, skoon, ongesluisde harte en het daarna die voorreg om “n hemelse transformasie “van heerlijkheid tot heerlijkheid” te ondergaan

Aangesien ons dan so “n hoop het, gebruik ons groot vrymoedigheid van spraak en maak ons nie soos toe Moses “n sluier oor sy gesig gesit het sodat die kinders van Israel nie stip kon kyk na die einde van wat weggedoen sou word nie. Maar hulle verstandelike vermoëns is afgestomp. Want tot vandag toe bly dieselfde sluier onopgelig by die lees van die ou verbond, omdat dit deur middel van Christus weggedoen word. Trouens, tot vandag toe lê daar “n sluier oor hulle hart elke keer wanneer Moses gelees word. Maar wanneer mense hulle tot Jehovah wend, word die sluier weggeneem. En Jehovah is die Gees; en waar die gees van Jehovah is, daar is vryheid. 18 En terwyl ons met ongesluisde gesigte die heerlijkheid van Jehovah soos spieëls weerkaats, word ons almal van heerlijkheid tot heerlijkheid in dieselfde beeld verander, net soos dit deur Jehovah, die Gees, gedoen word.
– **2 Korintiërs 3:12-18**

(Sien ook ons respons in *Vrae en Antwoorde*, gedateer 2 Mei, 2012, vir “n bespreking van die betekenis van “verander van heerlijkheid tot heerlijkheid in dieselfde beeld.”

Maar ten einde die hemelse hoop te bereik, beteken dit dat ons eers moet sterf? Dit blyk dat in hierdie fase van ons ontwikkeling, die antwoord na alle waarskynlikheid, ja, is. Aangesien Jesus die “eersgeborene uit die dode” is (**Kolosense 1:18**), het diegene wat voor hom te sterwe gekom het, geslaap in die dood, wagtend op hulle opstanding. Maar ná die dood van Jesus, word ons vertel dat op “n sekere punt in die toekoms, baie van ons in staat sal wees om ons hemelse hoop te bereik in “n oogwink.”

Dit sê ek egter, broers, dat vlees en bloed God se koninkryk nie kan beërf nie en ook beërf verderflikheid nie onverderflikheid nie. Kyk! Ek vertel julle “n heilige geheim: Ons sal nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in “n oomblik, in “n oogwink, gedurende die laaste trompet. Want die trompet sal weerklink en die dooies sal onverderflik opgewek word. Want hierdie verderflike moet hom met onverderflikheid beklee en hierdie sterflike moet hom met onsterflikheid beklee.
– **1 Korintiërs 15:50-53**

Ons is nie seker wanneer “die laaste trompet” sal weerklink nie, maar ons is verseker dat “n tyd sal aanbreek wanneer die dood nie meer nodig gaan wees nie.

Maar wanneer hierdie verderflike hom met onverderflikheid beklee en hierdie sterflike hom met onsterflikheid beklee, dan sal die woord vervul word wat geskrywe staan: “Die dood is vir ewig verswelg.” “Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou engel?” Die engel wat die dood veroorsaak, is die sonde, maar die krag tot die sonde is die Wet.
– **1 Korintiërs 15:54-56**

Dan sal die beloftes in Openbaring vervul wees:

En hy sal elke traan van hulle oë afvee en die dood sal daar nie meer wees nie en ook verdriet en angsgeroep en pyn sal daar nie meer wees nie. Die vorige dinge het verbygegaan.
– **Openbaring 21:4**

Wanneer ons vertel word dat die dood nie meer sal wees nie, beteken dit nie dat ons nie meer langer die aarde sal verlaat nie. Nee, dit beteken dat pleks van bewusteloosheid in die doodslaap te ervaar, ons verander sal word “in “n oogwink.” En ons sal nie enige pyn of lyding ervaar nie. Verbeel jou dat jy sou weet wanneer ook al jou geliefde verander en “met onsterflikheid beklee word,” hy of sy die hemelse hoop bereik het. Sou jy rou en in smart uitroep? Nee, nie uit droefheid nie. Dit sou eerder wees soos “n geliefde wat op “n reis vertrek. Terwyl jy hulle seer sekerlik sal mis, sal jy sekerheid hê dat julle weer eendag saam in die toekoms sal ontmoet wanneer jy sêlf verander.

Gebaseer op wat ons uit die skrifte kan lees, blyk dit dat op een of ander toekomstige tyd dít die manier gaan wees waarvolgens die mense die aarde sal verlaat. Maar ons het baie werk om af te handel en baie beproewings om deur te maak namate die bese elemente van ons stelsel van dinge tot “n einde kom.

Ons weet nie hoe die profesieë in Openbaring sal ontvou of wanneer, nie. Ons vermoed daar sal groot lewensverlies wees, asook “n behoefte om ons planeet te herbou en te vernuwe. Maar ons twyfel dat “n

liefdevolle Vader, 7 biljoen mense sal vernietig ten gunste van slegs 7 miljoen. Sou jy dit aan jǒú kinders doen? Of selfs die bure se kinders?

Verder twyfel ons dat “n liefdevolle Vader, so “n massiewe opruimingstaak en herbouingswerk sal plaas op die skouers van 7 miljoen ná talle natuurlike en onnatuurlike rampe, insluitend die begrawing of wegdoen van 7 biljoen dooie liggame. Ons twyfel ook dat die Vader sal reël vir die opstanding van 100 biljoen mense om op hierdie klein planeetjie te lewe en hulpbronne te deel terwyl dit tans “n probleem ervaar om 7 biljoen te onderhou.

Een ding weet ons en dit is dat die hemele onbeperk is en al te seker in staat is om ontelbare biljoene menslike seuns van God huisvesting te bied en te onderhou. Let op die huidige vermoëns daarvan:

Openbaring 5:11 – “[tienduise van tienduise en duise van duise](#)”; en Openbaring 7:9 ““n groot menigte, wat geen mens kon tel nie.”

En ons twyfel baie sterk dat die Vader seks- en nie-seks skepsels op dieselfde planeet met mekaar sal laat meng, of ons hier op die aarde inperk en nie toelaat om die heelal te gaan verken, ten einde die wonders van Sy uitgebreide skeppings te ervaar nie. Laastens, ons twyfel baie sterk dat die Vader nie wil hê dat ons by Hom moet wees en Hom persoonlik moet ken nie – van aangesig tot aangesig.

O ja, ons glo dat daar “n verandering moet plaasvind in die huidige stelsel van dinge. En ons glo dat só “n verandering vroeër of later sal aanbreek. Maar ons verkies om die gesindheid van die getroue diensknegte van Jesus se profesie in Matteus 25:14-30 te handhaaf, wat nie bekommerd was oor die tydsberekening van hulle meester se tuiskoms nie. Want wanneer hy ook al terugkeer, sal die meester hom verheug in almal wat werk daarvan gemaak het om “sy besittings te vermeerder.” (Sien ons reeks artikels oor *Ambassadeurs wat Instaan vir Christus* vir “n bespreking van hierdie werk.) Hoe langer die meester getalm het, hoe groter was die vermeerdering van sy besittings.

Ons slaan ag op die raad van Paulus en Timoteus:

[Laastens, broers, alles wat waar is, alles wat van ernstige belang is, alles wat regverdig is, alles wat kuis is, alles wat lieflik is, alles waarvan goedgepraat word, watter deug en watter lofwaardige saak daar ook al is, hou aan om hierdie dinge te bedink.](#)
– **Filippense 4:8**

Ons laat vaar ongerustheid, soos ons Meester beraad het:

[Hou dan aan om eers die koninkryk en sy regverdigheid te soek en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word. Moet julle dus nooit kwel oor die volgende dag nie, want die volgende dag sal sy eie sorge hê. Elke dag genoeg van sy eie kwaad.](#)
– **Matteus 6:33-34**

Laastens besef ons dat daar baie dinge is wat die Vader vir ons in veilige bewaring het en waarvan ons geen kennis dra nie en ook nie nou sal verstaan nie.

[Hou dan aan om eers die koninkryk en sy regverdigheid te soek en al hierdie ander dinge sal vir julle bygevoeg word. Moet julle dus nooit kwel oor die volgende dag nie, want die volgende dag sal sy](#)

eie sorge hê. Elke dag het genoeg van sy eie kwaad.
– **Matteus 6:33-34**

Maar net soos daar geskrywe staan: “Die dinge wat God berei
het vir dié wat hom liefhet, het die oog nie gesien en die oor nie
gehoor en het ook nie in die hart van die mens opgekom nie.”
– **1 Korintiërs 2:9**

Ons gee onself nie uit as kenners van profesie nie. Ons hou eerder ons oë gerig op die prys van “die roeping na bo” (**Filippense 3:14**), wetende dat wat ook al gebeur, ons aan die gunstige kant van sake staan. Ons sal gewis saam met Christus in die hemelse paradys wees. (**Lukas 23:43**)

“Laat die een wat “n oor het, hoor wat die gees vir die gemeentes
sê: Aan hom wat oorwin, sal ek gee om van die boom van die lewe
te eet, wat in die paradys van God is.” – **Openbaring 2:7**

Ons bid dat elkeen van ons besoekers hulle ewige hoop nogmaals noukeurig ondersoek. Is ewige lewe op die planeet aarde werklik wat jy begeer? Belangriker, is dit wat Jesus onderrig het? Of is dit slegs die voor-Christelike, antieke Hebreeuse beskouing? Kan jy nie sien dat die Vader wil hê dat jy saam met Hom in Sy koninkryk in die hemele sal wees nie? Ons almal is dit eens dat Jesus vir sy eerste eeuse volgelinge geleer het dat hulle ALMAL kinders van God is met “n hemelse hoop. Ons is ook almal eens dat die Christen Bybelskrywers ook hulle seunskap aanvaar het en vooruitgesien het na “n hemelse ewigheid. Vra vir jouself, wanneer het hierdie boodskap verander? Wanneer het dit gebeur dat die deure wat toegang bied tot die koninkryk van die hemele, vir die mensdom gesluit is? Wie het dit gesluit? Is dit skriftuurlik?

Ons is van mening dat ernstige en eerlike oordenking van hierdie vrae jou tot die waarheid sal lei. Julle is inderdaad seuns van die lewende God, met “n ewige hemelse toekoms in sig. Ons nooi julle uit om die volgende reeks te oorweeg: *Die Skitterende Hemelse Hoop*.

Ons verwelkom kommentaar.

“Elaia Luchnia”